

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
21 Januarie 1979

Onderwerp: Tweesoortige hoop

Lees: Hebreërs 11 verse 8 tot 19

Teks: Génesis 12 vers 1

Sing: Psalm 84 verse 1 en 6
Gesang 305
Gesang 177 verse 1, 2, 4 en 5

“Die afgelope jaar was alleen leefbaar omdat Jesus Christus dit met sy genade oordek het. As ons terugkyk, is daar veel waarvoor ons ons voor God moet verootmoedig: ons ontrouheid, verspeelde kanse en geleenthede, oomblikke van versuim en onherstelbare flaters.

“Ons moet erken dat niesteenstaande ons tekortkominge, God ons in Jesus Christus genadig was. Hy het ons elke dag met sy liefde oordek en ons deur sy genade verdra. Die HERE het ons tot hiertoe gehelp.

“En nou lê daar ’n nuwe pad voor. Elkeen van die sekondes van 1979 hou vir ons onsekerheid in. Die tradisionele wens van voorspoed vir die jaar klink soms soos ’n leë gesegde wat uit gewoonte geuiter word. Is daar gronde dat hierdie wens vir 1979 vervul sal word? As ons die toestande en gesindhede van ons dag aanskou en wat in die internasionale wêreld en Suid-Afrika aan die gebeur is, dan lyk dit nie of daar groot voorspoed vir ons bestem is nie.

“Desnieteenstaande moet ons nie in sondige pessimisme verval nie. En daarom wil ons vanmôre na die Woord van God en die God van die Woord gaan om daardeur versterk te word. Dit is die Woord wat op feitlik elke bladsy vir ons die woorde van Jesus Christus bevestig: ‘Moenie julle kwel oor jul lewe - wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam - wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie? Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?’ (Matt 6:25,26) Want Emmánuel is God met ons. Sonder hierdie hoop sal ons in algehele moedeloosheid verval.

“Watter hoop leef daar in ons harte? God wil ons vanmôre lei aan die hand van die geskiedenis van Abraham, om seker te maak dat dit die regte hoop is.

“n Mens kan Abraham se geloofslewe as volg beskryf: Hy het sy hele lewe gestry tussen twee soorte hoop. Aan die eenkant was daar die horisontale, oftewel menslike hoop; en aan die anderkant die vertikale, oftewel Goddelike hoop.

“Hoe onderskei ons tussen hierdie twee?

“Die menslike hoop is afhanklik van die guns en die grasia van omstandighede. Dit wil sê, as die lewensomstandighede gunstig is, dan is daar tegelykertyd hoop. As die lewensomstandighede sleg is, dan tuimel hierdie hoop ineen.

“Daarenteen kwyn of sterf die Christelike, oftewel vertikale hoop, nooit nie. Dit bly onder alle omstandighede onaantasbaar. Dit is onder alle omstandighede vas, omdat dit uit God kom wat alle omstandighede beheer.

“Abraham het nie altyd uit hierdie Christelike hoop geleef nie. Maar voordat ons hom daarvoor verwyt. Dit is nie altyd so maklik om vanuit die Christelike hoop te lewe nie en wel om twee redes:

“Die vertikale hoop is altyd iets waarvoor ons moet wag. En nie een van ons wil wag nie. Die tweede rede is nog belangriker. Die hoop van God is altyd sonder ’n sigbare fondament. Dit is nie op iets van die wêreld of die mens gegrond nie. Ons wil altyd sien. Ons wil hê dat alles altyd ’n sigbare grond moet hê. En daarom is die hoop van God, wat nie vanuit ’n wêreldse perspektief sigbaar is nie, vir ons moeilik om aan vas te hou. En so was dit ook vir Abraham, wat telkens probeer het om God se hoop op menslike fondamente te vestig.

“Ons ontmoet Abram en Sarai, wie se name later deur God na Abraham en Sara verander is, as twee ou mense in Génesis 12. Hulle was op daardie stadium reeds 75 en 65 jaar oud. Hulle was twee grysaards in wie se lewens die menslike hoop verdwyn het. God het na hulle gekom in Ur van die Chaldeërs en het hulle na ’n vreemde land gestuur om die vader en moeder van sy volk en van Jesus Christus te word. En hulle het waarlik hierdie hoop aangegryp en weggetrek op God se bevel.

“Maar voordat Abram vertrek het, het hy eers rondgekyk. Waarna het hy gesoek? Hy het gesoek na iets of iemand waarop hy hierdie onsigbare hoop van God kon grond. En dit het hy gevind in Lot, sy neef. Lot moes saamgaan, want só het Abram gedink: Lot moes

saamgaan omdat hy en Sarai te oud was om kinders te hê. Die jonger Lot kon namens hulle kinders hê, om só die belofte van God in vervulling te laat gaan.

“Het dit so uitgewerk soos Abram beplan het? Nee, die fondament wat Abram gebou het om hierdie Goddelike hoop op te vestig, het vir hom smart op smart gebring. Lot het hom verlaat en in Sodom en Gomorra gaan woon, waar hy later die dood naelskraap ontkom het.

“Toe het God in Génesis 15 vir Abram ’n nageslag beloof, só talryk as die sterre van die hemel. Dit was weereens ’n belofte sonder sigbare grond. Het Abram dit só aanvaar? Nee, hy het weer na ’n fondament gesoek vir hierdie belofte. Hierdie keer was dit die bediende van sy huis, Eliëser, van wie hy gesê het: ‘Here HERE, wat sal U my gee, aangesien ek sonder kinders heengaan en die erfgenaam van my huis die Damaskéner Eliëser is?’ (Gén 15:2)

“In Génesis 16 het Sarai ’n slimmer plan as Abram beraam om God se hoop te realiseer. Sy het haar slavin gebring om vir hulle ’n kind in die wêreld te bring. Volgens destydse maatstawwe was dit heeltemal geoorloof. Sy het toe selfvoldaan geglo dat sy God werklik gehelp het om sy raadsplanne uit te voer. Maar weereens het hierdie twee mense hulle vasgeloop teen die valse fundamente wat hulle self geskep het. Hierdie plan het ontsettende onmin en verwyd in die tent van Abram gebring. Dit was ’n stryd wat tot vandag toe voortduur. Tot vandag toe kan die Jode en die Arabiere, wat albei kinders van Abram is, nie oor die weg kom nie. Toe God sy belofte van ’n nageslag herhaal het, het Abraham en Sara daaroor gelag. Maar God hou vol. Sou iets vir die HERE te wonderbaarlik wees?

“En toe daar vir hulle absoluut niks meer was om die hoop van God aan te koppel nie, het God sy belofte vervul en het Hy sy hoop ’n werklikheid gemaak: ‘En die HERE het Sara besoek soos Hy beloof het; en die HERE het aan Sara gedoen soos Hy gespreek het: Sara het bevrug geword en vir Abraham in sy ouderdom ’n seun gebaar op die bepaalde tyd wat God genoem het.’ (Gén 21:1,2)

“Maar ons mag nie daar ophou nie. Ons moet na Génesis 22 blaai, waar ’n mens duisel as jy die inhoud van hierdie hoofstuk lees. Daar staan dat God Abraham beveel het om Isak, die kind van die belofte, te gaan offer. God het Isak, in wie God hulle hoop verwek het, as ’n smartsteen op Abraham en Sara se weg geplaas.

En Abraham was bereid om Isak te offer. Hy het toe nie meer ompaaie geloop nie. Hy het geweet dat God die mag het om selfs uit die dood op te wek. Abraham het uiteindelik geleer om net aan die Woord van God en die God van die Woord vas te hou; al het dit gelyk asof alles tevergeefs was.

“En wat was Abraham en Sara se ondervinding? Dit was dat God se beloftes en die vervulling daarvan, die sekerste ding op aarde is. God se beloftes bly staan as al die mensgemaakte fundamente weggekrummel het. En God het Isak vir Abraham gespaar, omdat Abraham aan niks meer vasgehou het as aan sy Hemelse Vader nie.

“Broers en Susters, nou is die vraag vanmôre: Uit watter hoop leef ons? Waarop is ons geloof gevestig? Waarom is ons blymoedige, entoesiastiese en vriendelike mense? Is dit omdat ons werklik op God bou en hoop en weet dat die HERE en sy Woord die enigste fondament is waarop ons ook môre kan bou? Of is dit omdat die lewensomstandighede ons so goed behandel? Is dit omdat ons ’n sterk bankrekening, motors, ’n huis, kinders, vriende en al die dinge besit?

“Kom ons erken en bely dat ons skuldig is. Wie hou nie aan lewensomstandighede vas nie? Wie bou nie op die dinge van die aardse lewe nie? Ja, ons doen dit almal. Ons hoop op God, maar net soos Abraham en Sara maak ons daardie hoop vas aan gewone dinge. En dit is wat ons geloofslewe so stukkend slaan.

“Dink maar aan die moontlikheid dat ons al hierdie dinge kan verloor. Ja, dit is moontlik. Ook u en ek kan môre op die ashoop sit, sonder geld, sonder ons kinders in ons huis, sonder die simpatie van man of vrou. En wat sal ons dan maak? Wat sal dan van ons word?

“As ons hierdie vraag in al sy erns stel, dan staan Jesus Christus voor ons. Hy gee ons die versekering en lewer die bewys dat omstandighede nie alles is nie. Hy het kom bewys dat God nog altyd daar is, al sou ons alles verloor. Hy het niks gehad nie. Hy het nie ’n huis of vriende gehad nie. Hy is selfs aan die kruis deur God verlaat. Maar Hy het in sy verlatenheid aan die Vaderhand bly vashou. En Hy het ons met die onbreekbare band van liefde aan God vasgebind. Al sou alles om ons vergaan, kan hierdie band nie verbreek word nie.

“En wonderlik, saam met hierdie geloof skenk God ons ook alle dinge. Hy het Isak nie weggeruk nie, maar toe Hy geweet het dat Isak nie die fondament van

Abraham se geloof was nie, het Hy aan Abraham die glimlag in sy lewe gegee. Toe Job op die ashoop bly vashou het aan God, het God hom weer al hierdie dinge gegee.

“Dit bring ons by die grootste teks van die Bybel, wat groot en heerlik is in sy betekenis vir die onbekende: ‘Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.’ (Matt 6:33)

“As jy leer lewe het met die vertikale hoop op God, oorlaai Hy jou met gawes van die aarde. Want dan vestig jy nie meer jou hoop daarop nie, omdat jy ontdek het dat daar maar één hoop en één fondament is wat onwankelbaar is. Dit is Jesus Christus.

“Amen.”